# Les 8 JESUS CHRISTUS IS VIR ONS GEBORE: ONS IS HEILIG,SONDER SMET EN ONBERISPELIK

## 1. Heilig, ek! Heilig, jy! Heilig, ons! Heilig, hulle!

Is jy heilig?

Heilig is om met jou hele hart, siel en verstand, en met alles wat jy doen, aan die Here en sy wil toegewy te wees en om in niks, nie in jou hart of met gedagtes of met enige optrede, sonde te doen nie.

Hoe ken jy jouself – is jy heilig of onheilig?

Daar is ook nie iets tussen heilig en onheilig nie: óf jy is in alles toegewyd aan die wil van die Here, óf jy is nie in alles toegewyd aan die Here nie. Daar is nie ŉ middeweg tussen alles en nie alles nie.

Dink jy jou maat wat in Christus glo, is heilig? En jou ouers? Wie het ouers wat heilig is? Wie het kinders wat heilig is?

## 2. Wat sê die Here: is jy heilig of nie?

Ons sê ons is nie heilig nie en ons ken regtig nie iemand wat heilig is nie. Kom ons kyk wat sê die Here van ons!

*"21 Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. 22 Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel."* (Kolossense 1)

Hoe stel Jesus ons voor die Vader? Hy stel ons heilig, onberispelik en sonder smet voor die Vader! Volgens hierdie vers is ons voor God heilig, sonder smet en onberispelik!

Is hierdie teks ŉ drukfout, of net ŉ glips wat Paulus maak? Dit is nie! Hy sê dit aanhoudend en by herhaling:

*"4 So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. 5 In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees."* (Efesiërs 1)

God het ons uitgekies en bestem om heilig en onberispelik voor Hom te wees. As God iets bestem, dan is dit soos Hy dit bestem – ons is heilig en onberispelik.

*"26 Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, 27 sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik."* (Efesiërs 5)

Jesus het ons aan die Vader toegewy: ons is gereinig en nou is ons sonder ŉ vlek, sonder ŉ rimpel, heilig en onberispelik.

### 3. <u>Die formule van ons verlossing: Syne is myne, en myne is Syne</u>

Die Here sê self in sy Woord ons is heilig, maar ons weet ons leef nie heilig nie. Wat nou? Stel Jesus ons anders voor vir die Vader as wat ons regtig is? Is dit ŉ toesmeerdery soos my ma my sondes vir my pa toesmeer? Of erger, weet God nie regtig wat aangaan en waarmee ek besig is nie, soos pa en ma, en nou dink en hoop en glo God maar ek is heilig! Is God oningelig?

Nee, juis nie. Dit is hoe ons verlos is van sonde.

In Les 4 het ons gesien die Here verlos ons op hierdie manier: syne is myne, en myne is Syne. Hy vat my plek onder die Tien Gebooie. Syne is myne, en myne is syne werk op twee maniere: die een manier is vereniging, en die ander manier is versoening.

Dit is presies wat maak dat ons heilig, sonder smet en onberispelik is.

### 4. <u>Jesus se heiligheid het nie vir Hom getel nie – God het Hom as ŉ onheilige mens vol sonde smet en met die blaam van sonde, laat sterf</u>

Hoe dink julle sal God optree teenoor 'n mens wat Hom ten volle liefhet, vlekloos en sonder smet is en onberispelik lewe?

Dink julle God skaam Hom vir so mens? Dink julle God word in sy eer gekrenk en seergemaak deur so mens? Dink julle God wil graag so mens straf en laat boet?

*"10 Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd. 11 Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie. 12 Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit. 13 Nou wag Hy daar totdat sy vyande aan Hom onderwerp is. 14 Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak."* (Hebreërs 10)

Om geoffer te word, beteken om gestraf te word. Om afgesonder te word vir God, beteken om deur God heilig, sonder smet en onberispelik gemaak te word.

- Wie word in hierdie verse gestraf? Mense wat onheilig is, vol vuil en smetterige kolle, of Jesus wat heilig, sonder smet en onberispelik is?

- Wie word in hierdie verse deur God afgesonder vir Homself? Jesus wat heilig en vlekkeloos is, of mense wat onheilig en besmet is met sonde?

Dit is die groot omdraai wat deur Jesus se werke plaasvind. Jesus se werke: om uit Maria gebore te word, tel nie vir Homself nie. Hy laat dit vir ons tel. Jesus maak dat God ons behandel soos wat Hy Jesus moes behandel het, en ook net mooitjies anders om ook: God behandel Jesus soos wat Hy ons moes behandel het.

Ons word behandel as heilige, onberispelike en vlekkelose mense: God sonder ons vir Homself af. Jesus word behandel soos 'n vuil en smerige mens: God straf Hom.

## 5. <u>Jesus is gebore: ons is heilig en God is ons barmhartig</u>

Syne is myne, en myne is syne werk op twee maniere, met vereniging en met versoening.

### 5.1 <u>Verenig met Jesus in sy geboorte uit die maagd Maria</u>

### Ons deel sy heiligheid as mens

*"[30] Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing."* (1 Kor. 1:30)

Ons as gelowiges het die gawe van die Heilige Gees. Daarom is ons ook gedoop in die naam van die Heilige Gees. Wat doen die Heilige Gees? Hy is die een wat ons met Christus as mens in die hemel vandag, verenig. Daarom sê Paulus ons vereniging is aan God te danke.

Jesus is ons heiliging. Die heiligheid wat Hy as mens van geboorte af gehad het en die heiligheid waarmee Hy vandag nog in die hemel mens is: volkome toegewy aan die Tien Gebooie – ons is met Hom in hierdie heiligheid verenig.

Omdat Christus die heiligheid wat Hy uit sy geboorte ontvang het en mee leef, met ons deel, is dit ook ons heiligheid. Ons deel regtig volkome in sy heiligheid as mens, en daarom is dit ook ons s'n.

Ons is heilig, sonder smet en onberispelik – want ons deel Christus s'n met Hom.

### Hy deel ons onheiligheid, smet en blaam

*"[10] God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie as sy kinders tot heerlikheid lei. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring. [11] Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie. [12] Hy sê tog: "Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing." [13] Ook sê Hy: "Ek sal altyd op Hom vertrou." En verder: "Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het."*

*"[14] Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig [15] en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny*

*was, te bevry.* [16] *Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham.* [17] *Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.* [18] *Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word."* (Hebreërs 2)

Kyk wat sê die skrywer van Hebreërs! Vers 17 sê Hy het in elke opsig aan ons gelyk geword – 'n mens nes ons. Vers 10 sê Hy het gely – hierdie lyding is dat Hy ons smet, onheiligheid en blaam op Hom geneem het: Hy deel dit met ons. Daarom is ons onheiligheid, smet en blaam syne.

**5.2 <u>Versoen met God: Hy neem wraak op Christus en is ons barmhartig</u>**

In Hebreërs 2 vers 12 hoor ons die Here het ons met Hom versoen. Dit is wat 'n hoëpriester doen, Hy versoen sonde. Jesus se geboorte uit Maria maak dat God anders met ons is – Hy is ons barmhartig.

Dit is nie hoe Hy moes wees nie. God neem wraak op sonde.

Sonde maak God bespotlik. God wys ons hoe om waardig te leef en respek te verdien in sy wet. Wanneer ons God eer en dien en ons naaste se naam eer, sy besittings, naam en lewe respekteer – leef ons waardig.

Wanneer ons sonde doen, maak ons God en ons naaste bespotlik. Diefstal maak mense wat werk bespotlik, want hulle werk verniet, terwyl ander dit net vat. Egbreuk maak mense bespotlik wat getrou bly aan hulle geliefdes, want hulle lyk oningelig en dom teenoor die slimheid van mense wat egbreuk pleeg.

Dit maak God ook bespotlik. God sê dit is verkeerd, maar mense wys dat God verkeerd is om vir ons te sê hoe ons waardig moet leef.

Daarom neem God wraak op sondaars – Hy vernietig sondaars wat Hom bespotlik maak. Kyk hoe beskryf die profete die wraak van God oor sondaars:

*"*[3] *Hulle woorde tref mense soos pyle: bedrog het die oorhand in die land, nie die waarheid nie. Hulle gaan van kwaad tot erger, en My ken hulle nie, sê die Here.* [4] *Wees selfs vir 'n vriend op jou hoede, moenie eens 'n broer vertrou nie. Elke broer is 'n onderkruiper en elke vriend 'n kwaadsteker.* [5] *Hulle bedrieg mekaar, hulle praat nooit die waarheid nie, hulle is gewoond om te lieg, hulle kan nie ophou sonde doen nie.* [6] *Verdrukking volg op verdrukking, bedrog op bedrog, hulle weier om My te erken, sê die Here.* [7] *Daarom, so sê die Here die Almagtige, sal Ek hulle deur die smeltkroes laat gaan. Hoe kan Ek anders maak met my volk?* [8] *Hulle tong is 'n dodelike pyl, dit lieg en bedrieg. Hulle praat met mekaar asof niks verkeerd is nie, maar in hulle binneste beplan hulle mekaar se ondergang.* [9] *Sou Ek nie hieroor rekenskap van hulle eis nie? sê die Here.* ***<u>Sou Ek My nie wreek op so 'n nasie nie</u>****?"* (Jesaja 9)

*"*[10] *Dié dag behoort aan die Here, die Here die Almagtige.* ***<u>Dit is 'n dag van wraak waarop Hy Hom op sy vyande gaan wreek</u>****. Die swaard sal oorgenoeg kry, hy sal dronk word van*

*hulle bloed: daar is ’n offerfees vir die Here, vir die Here die Almagtige, daar in die noordland, op die oewer van die Eufraat.* [11] *Gaan na Gilead toe, Egipte, gaan haal balsem; jou baie medisynes help nie, jy word nie gesond nie.”* (Jesaja 46)

*“*[14] *Ek maak jou ’n puinhoop, Jerusalem,* ***Ek maak jou die spot*** *van die nasies rondom jou. Almal wat by jou verbygaan, sal dit sien.* [15] *Die nasies rondom jou sal die spot met jou dryf en jou uitlag, jy sal dien as ’n waarskuwing en ’n afskrikmiddel vir hulle wanneer Ek jou in my toorn en in my woede straf en jou vir jou dade laat boet. Ek, die Here, sê dit.”* (Esegiël 5)

Dit moet ons elke dag om ons kan raaksien – hoe God mense vernietig wat Hom bespotlik maak deur met sondes beter as God te wil weet.

Wat doen God met mense wat haat en moor – kyk hoe laat God so ŉ land lyk: Angola, die Kongo, noem maar op. Wat doen God met mense wat steel? Hulle leef met die smet en blaam dat hulle diewe is. Hulle kry nie werk nie en mense sal hulle nie vra om te help nie. Wat doen God met mense wat pervers is? Hy maak hulle bespotlik in almal se oë.

Wie het ons wraak en spot gedra? Jesus Christus! Dit is die spot van die mense rondom die kruis – Hy dra só die wraak van God vir ons sonde.

*“*[29] *Hulle vleg ’n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom ’n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: “Ons groet u, Koning van die Jode!”* [30] *Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan.* [31] *Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig. ...* [39] *Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud* [40] *en gesê: “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!”* [41] *Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê:* [42] *“Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo.* [43] *Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!”* [44] *Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig.” Mat. 27*

Dit is wat ons in die geloof raaksien: syne is myne, en myne is syne. Jesus Christus kry die wraak van God op my sonde, en ek kry die barmhartigheid wat Jesus as ŉ heilige mens moes kry. Hy kry die spot van ŉ sondaar, en ek kry die waardigheid dat God my mét my sonde – nie bespotlik maak nie, maar waardig maak: heilig, sonder smet en onberispelik.

## 6. Wat moet ons doen om heilig, sonder smet en onberispelik te wees?

Net glo! Ons moet die evangelie glo – syne is myne, en myne is syne. Net deur ons geloof weet ons ons is heilig en God is ons barmhartig. As ons na die wet kyk – dan sien ons ons is onheilig en God moet Hom wreek. Maar ons staan nie onder die wet nie. Ons staan onder die evangelie:

"[22] *Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.* [23] *Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie."* (Kol. 1)

Geloof beteken dat wanneer ons in die wet sien ons is nie heilig nie en dink God gaan wraak neem – dat ons die Evangelie glo dat Jesus ons wraak gedra het, en ons weet God is ons barmhartig, al is ons sondaars en doen ons sonde. Dit is wanneer ons vertrou dat ons heilig is omdat ons Christus se heiligheid deel en Hy ons sonde deel.

So glo ons in Jesus se geboorte uit die maagd Maria: syne is myne, en myne is syne.

## 7. <u>Nuut van binne en van buite</u>

Die evangelie maak ons nie net nuut van buite nie, maar ook van binne.

### God neem ons skaamte weg en gee vrymoedigheid

Jesus maak die Abrahamsbelofte waar. Hy neem ons ou hart weg en gee ons 'n nuwe hart. Kan iemand wat heilig, sonder smet en onberispelik is – nog steeds so skaam wees dat hy God nie wil dien, eer en aanbid nie? Dit kan nie. As iemand aanhou skaam bly vir God oor sy sonde – dan glo Hy nie die evangelie nie. God maak ons heilig en daarom neem Hy die skaamte weg en skep waardigheid in ons harte sodat ons vrymoedig kan wees om God aan te roep, tot die Here te bid, die Here weer te dien en te eer.

Kyk hoe stel die skrywer van Hebreërs dit:

"[d] *En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het,* [22] *laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.* [23] *Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.* [24] *Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.* [25] *Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."* (Hebreërs 10)

### God maak dat ons sy gebooie wil onderhou

In die Abrahamsbelofte het God beloof Hy sal maak dat ons sy wette onderhou. As ek weet en vertrou – ek is heilig, sonder smet en onberispelik, maak nie saak watter gebod van die Here ek oortree nie – dan is daar nie gebooie waarvoor ek bang word omdat ek dit so baie oortree nie. Al oortree ek die gebod, ek is en bly heilig, sonder smet en onberispelik: syne is myne, en myne is syne.

Daarom is ek innerlik elke keer weer bereid om na al die gebooie van die Here te luister en onderneem ek elke keer van vooraf weer om al God se gebooie te onderhou. Nie net die waarmee ek nie sukkel nie.

Waar ons glo ons is heilig, sonder smet en onberispelik en God sal ons altyd barmhartig wees – kan ons onsself na elke en enige sonde, weer met ons hele hart, siel en verstand aan die Here toewy.

## 8. Opsomming

Jesus is vir ons uit die maagd Maria gebore: Hy is vandag ŉ heilige mens in die hemel. Hy het God se wraak gedra aan die kruis, al was Hy heilig. Syne is myne, en myne is syne. Die Heilige Gees verenig my met Hom in die hemel. Nou is my sonde syne, en sy heiligheid, smetloosheid en blaamloosheid, is myne. Die Heilige Gees versoen my ook deur Jesus se geboorte met die Vader: Hy is en sal my altyd barmhartig bly, al doen ek sonde en al het ek ŉ sondige geaardheid. Dit maak my nuut van binne en buite. Ek is nie meer vir God skaam nie. Ek kan Hom vrymoedig aanbid en ek kan my aan al sy gebooie verbind.